**Die stilte opgeskort.**

Heilna du Plooy. Pretoria: Protea Boekhuis, 2014. 82pp. ISBN: 978-1-4853-0130-1.
DOI: http://dx.doi.org/10.4314/tvl.v52i2.23

*Die stilte opgeskort,* die derde bundel uit die pen van akademikus en digter Heilna du Plooy, laat 'n indruk van 'n hoogs bevredigende ewewigtigheid. Afgesien van Du Plooy se uitstekende beheersing van die taalmedium, dra haar verse die stempel van deeglike afronding wat deur 'n fyn balans van emosie en intellek gekenmerk word. Ewewig is egter nie net 'n kenmerk van die konstruksie van die verse in hierdie bundel nie, maar dit is ook 'n tema waarmee die digter bewus omgaan en wat aan die hand van 'n uiteenlopende stel spanninge uitgewerk word.

Die nagaan van die verskillende spanninge waaruit daar uiteindelik na 'n balanspunt beweeg word, is een moontlike strategie om hierdie bundel te ontsluit, alhoewel dit sekerlik nie die enigste moontlike strategie is nie. Omdat die bundel nie spesifieke onderafdelings aanbied nie (en die enigste sigbare aanduiding van 'n ordeningsmeganisme die losse tipografiese groepering van gedigte in die inhoudsopgawe aan die einde is), is dit die leser se taak om die ryk inhoud van die bundel te probeer orden. Die natrek van die belangrikste tematiese lyne in die bundel sou een manier wees, en die lys sou kon insluit: kunstenaarskap; vrouwees; die eietydse Suid-Afrikaanse konteks; Afrikaanssprekendes se herkoms; vriendskap, familiebande en die onvermydelikheid van verlies; die wese van onderskeidelik die jagter en die slagoffer (waarby ook die kwessie van skuld betrek word); die verbruikerskultuur; die aardse; die verganklikheid en die oplaas die oorbrugging van die tydelike.

Die nagaan van die verskillende teenstrydighede wat in die bundel ondersoek word (en wat waarskynlik die belangrikste struktuurbeginsel is), sou 'n ander leesstrategie kon wees. Dit kan uiteindelik groter winste inhou, deurdat dit die leser deurentyd op die spoor hou van die digter se soeke na ewewig en sodoende kan help om die uiteindelike digterlike visie in die bundel op te som.

Hoe belangrik die beginsel van ewewig vir die bundel as geheel is, blyk uit die openingsgedig, juis met die titel "Ewewig". Hier besin die digter oor die posisie van die een wat skuld het teenoor die een aan wie iets verskuldig is ('n kontras wat in nog veel fyner besonderhede ondersoek word in "Die jag", 'n reeks van beeldgedigte na aanleiding van "The hunt" deur Maureen Quin). Hierdie gedig is 'n belangrike ars poëtikale sleutel wanneer daar deur die beeld van die natuur wat soms sy eie reëls deurbreek, beweeg word na die pen as beeld van digterskap wat die gevolglike wanbalans moet probeer herstel:

Die vlakte drink die afstromende lig
en kaats dit in die glinsterende grassaad terug.
Die rivier stoot sy loop waar die landskap vou
oop sodat bedding en oewers die water vashou.

Is ek iets verskuldig of is iets verskuldig aan my
as die vloed beddings oopkerf en oewers oorskry,
met die gras aan die brand en die rooi en die rook
wat uitsig en insig verwoed teen mekaar opstook?

Die punt van die pen
lê swaar op die blad
om in die opstuwende lyn

die las te versprei
tussen my
en die grein.

In "Die jag", waar die teenstelling tussen jagter en prooi die agtergrond vorm vir 'n besinning oor die aard van konflik, vernietiging en skuld, is die belangrike slotsom dat konflik 'n byna instinktiewe meganisme is om die groter balans te behou: "Oorlog is ten slotte onnatuurlik natuurlik: / Met reëlmaat kry mense dit broodnodig."

Die kontras tussen "uitsig" en "insig" (vergelyk "Ewewig") is eweneens 'n belangrike sleutel tot die bundel. Waarneming van buite, maar ook emosie wat na buite geprojekteer word ("uitsig") word deurentyd teen besinning ("insig") opgeweeg. Dít word veral gesien in 'n gedig soos "Vervreemding", waar die beredenerende persona van die spreker telkens betyds genoeg ingryp om te sorg dat 'n emosioneel gelade gegewe ook intellektueel hanteer word. 'n Verwante tegniek word gesien in "Uit 'n Leidse dagboek I" waar die skerp waarneming van die gedoemde watervoëls in die bevrore stad oorgaan in 'n netjiese toepassing op menslike ondergang as noodwendigheid, innerlik na die patroon van die Italiaanse sonnet, alhoewel die uiterlike bou daarvan afwyk.

Die teenstrydighede wat verder die tekstuur van die bundel vorm, is ryk en uiteenlopend. Die belangrikste opposisies is waarskynlik dié van die oordaad van die populêre kultuur teenoor omsigtigheid en 'n respek vir gehalte ("Die pornografie van oordaad" en "Korinna van Tanagra"); stilte teenoor beweging en reis ("Herfs"); verwoesting teenoor behoud ("Ou geboue"); egoïsme en magsug teenoor innerlike leegheid ("Segetog I"); vervreemding teenoor outentisiteit ("Vervreemding"); natuur teenoor kultuur ("Leerskool"); verbeelding teenoor verstarring ("Die donker binne en die donker buite") asook sosiale maskers teenoor individuele vryheid, veral met betrekking tot die vrou se posisie in ons samelewing ("Identiteit"). In die meeste van hierdie gedigte kom die digter by 'n bepaalde stellingname of oplossing van die konflik uit—soos in "Identiteit" waar 'n psigiese uitreis na 'n domein sonder sosiale rolverdelings verbeel word: "Sy duik / deur die glas na 'n streek sonder lyne." Daarmee saam word transformasie geïmpliseer as oplossing búite die digotomie van sosiale rolle en individuele vryheid: "Saam met bont vlinders wil sy / roekeloos stoei tussen rose: / […] / uiteindelik lustig omkom." Hierdie slot is dan ook 'n voorloper van een van die heel belangrikste spanninge in die bundel, waarsonder die sintetiese visie van die geheel onmoontlik is, naamlik die verhouding tussen verganklikheid en oorbrugging en/of transformasie.

Die slotgedig wat ook die bundeltitel oproep, suggereer 'n outentieke volwasse digterlike bewussyn wat maar te deeglik bewus is van die eie stoflikheid, maar wat die kortstondigheid van die aardse oorbrug of transformeer deur die produksie van kuns: "Vertel dán, hart van vlees, die stilte opgeskort, / van somergroei wat in die winter vrugte word" ("Lemoene II"). Wanneer die bundel teen die agtergrond van hierdie koeplet gelees word, begryp die leser dat dit in *Die stilte opgeskort* gaan oor 'n rykdom van stemme en betekenisse wat sigbaar word sodra die digter daarin slaag om dít wat sy of haar digterskap inperk, op te hef—hetsy sosiale inperkings of selfs die vrees vir die dood en verlies.

Teen hierdie agtergrond behoort die volgende reëls uit "Ouhoutfluit" gelees te word:

Dan kan daar geluister word
na die geronde note, die verrykte
timbre, na die ongeveinsde geluid

wat soveel stemme, soveel toonaarde,
'n kaleidoskoop van menslikhede en verhale,
simfonies in wysies en in liedere in-sluit.
'n Toegeneë oor sal in die asemteue
deur die donker houtgeworde tyd
kan hoor hoe dit die note wel beskore is
om nader aan die ongekende te mag swewe.

Iets hiervan word ook gesuggereer in die kunswerk op die voorblad ("Sacred Ibis" deur Frederike Stokhuyzen): verby die kaal wintertakke reik die voëls op en uit om die hier en nou te oorbrug.

Dit is seker moontlik om die strategie van balansering as berekend te kritiseer, en daar is die gevaar van voorspelbaarheid wanneer

dit herhaaldelik aangewend word. Tóg is die effek wat Du Plooy telkens verkry een van egtheid, dalk juis omdat opregte emosie deurgaans onder die intellektuele oppervlak gesuspendeer bly. Die uiteindelike indruk van die bundel is dat dit die produk is van 'n volwasse digterskap wat letterlik haar digterlike staanplek, haar balanspunt gevind het.

*Amanda Lourens*
alourens@sun.ac.za
Universiteit van Stellenbosch
Stellenbosch